KAMMANUUS
Nommer 384 6 Oktober 2014
'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

ANDERKANT DUSKANTLAND

Fliek is 'n heerlike ontsnapping in Doha

Hoofstuk I, Deel ix

Vandeesweek is ons gou net weer in die huidige en vat ek julle gou fliek toe. Kyk, ek en Kamermaatjie is vanmelee af al fliekvlooie en gelukkig kan ek getuig dat anders as met so baie van die ou gewoontes en dinge wat deesdae wegkwyn en verdwyn, die bioskoop hier in Sandkantland nog sterk staan en net al hoe beter raak.

Fliek is net nie fliek as mens nie springmielies en Coke saam met dit geniet nie. Die toppunt van genot was altyd vir ons twee as ons 'n fliek kan raakloop waar hulle nog regte egte botter ook oor die *popcorn* gooi. Dan het jy sulke spesiale houers nodig gehad en ekstra papier vatlappies om die bottervingers mee af te vee. Ek onthou nog hoe ons van Welkom af spesiaal Klerksdorp toe gery het, net agter die botter*popcorn* aan.

Dan wonder mens nog waar vandag se vetgeit vandaan kom, nè?

Maar terug hier na Doha en meer spesifiek na die nuwe fliekkompleks hier naby ons in die grênd uitbreiding genaamd The Pearl. Die nuwe bioskoop het tien vertoonlokale. In elkeen is daar 'n keuse van wat hulle noem Edge en Cool sitplekke. Kies jy die Edge opsie, kry jy 'n sitplek agter in die eertydse vryry en jy kan jou sitplek met 'n knoppie laat uitskop en agtertoe laat leun.

Wanneer jy voor die ingang stop, wag daar 'n ry knegte wat regstaan om jou motor te gaan parkeer en weer te gaan haal ná die fliek. My ou tweedeur Pajero'tjie is die pampoenkoets tussen die Lamborghini's, die Ferrari's en die Maserati's waaruit die lakendraers en die lapkoppe klim.

Ons toets toe al twee die soorte sitplekke met hul bygaande prysklasse asook die gehalte van die springmielies. Ja, vind ons uit, hulle is ook bereid om vir ons ons eie spesiale mengsel te bedien, vars gesout met 'n sprinkeling van die soet bruin karamelsoort bo-oor.

Arabiese onderskrifte

Toe ons ses jaar gelede die eerste keer in Doha gaan fliek het, kon mens skaars die akteurs hoor praat weens die gewoonte van die ringkoppe om te kom en te gaan en te sit en gesels met mekaar en ook op hul selfone te lê. Omdat baie van hulle nie Engels verstaan nie, lees hulle die Arabiese onderskrifte en het dus nie die klankbaan nodig nie.

Ons het geleer om maar te gaan fliek wanneer die klomp op hul minste was. Dan ook ver voor in die koor, vier rye van voor af, reg in die middel. Gewoonlik op 'n Donderdagmiddag so om en by 2 uur, ry D, nommer nege en tien, of tien en elf. Spesialiste in die ontduikkuns van die Arabiese raasgatte, want sjuut! en speelgoedgooi het net mooi niks gehelp nie.

Dié week koop ek toe kaartjies vir die sewestersaal. Twee twee sitplekke langs mekaar met 'n muurtjie afgeskort aan die kante, sagte elektriese uitskop sofas, elkeen 'n kombersie en los nekkussinkie, 'n uitswaaitafeltjie waarop kelners en kelnerinne jou eetgoed op bestelling aflewer nadat jy dit met ingeboude I-Pad in jou stoel se leuning bestel het. Jy sien of hoor nie die ander gaste nie. Net ek en Kamermaatjie, ons popcorn en Coke, die groot wye silwerdoek en 'n eersteklas-sitplek na ontsnappingsland.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Lees die begin van die storie op www.onsdorp.com

Om die kampvuur

Uit Toeka se Tyd

BOERSEEP

In toeka se dae het seep nie uit die winkel gekom nie, maar uit die pot! Hier wys twee vroue hoe 'n mens seep op die ouderwetse manier maak, nes ons voor-ouers.

BO is 'n voorstelling van onreëlmatig gesnyde stene van tuisgemaakte boerseep ... doodeenvoudig berei uit

1) diervet,
2) die loog verkry uit die as van verbrande plante en
3) water.

Dis trouens steeds die basiese resep van vandag se sepe.

JELLIEVISSE

het 65 miljoen jaar sonder 'n brein oorleef. Dis goeie nuus vir dom mense.

Kinderlike ontnugtering

Oom Daan was die koster in die kerk waarin ek grootgeword het.

Hy was so kort, skilpadagtige oubaas wat die gewoonte gehad het om gedurig by die preekstoel se trappe op te hardloop om vir die dominee iets 'belangriks' te gaan sê wanneer die gemeente sing of so.

Verál besoekende dominees.

Die jongmense het hom derhalwe Piet Muis gedoop. Deur die week het hy gewerk by Hennico Diens-stasie wat behoort het aan oom Hennie, een van ons ouderlinge.

Ewenwel, ek was seker so ses of sewe, toe hou Hennico Diensstasie 'n moerse ppaartie.

Die hele buurt se kinders was daar. Daar was so Jake the Peg rip-off dude, speletjies en whatnot.

Maar die groot trekpleister was Simba die Leeu, wat pakkies chips uitgedeel het en vir foto's saam met kinders geposeer het. Ek en my broer het ook saam met Simba vir 'n foto geglimlag.

Maar oom Daan het die hele tyd vir Simba kom onderbreek met iets was hy nóú vir hom móét sê. En hy het Simba die hele tyd 'Hannes' genoem.

Daai dag het ek besef die groot-mense lieg vir ons.

Die herkoms van ons gesegdes (37)

Ring: 'n Mens kan iemand deur 'n ring trek (iemand is baie netjies aangetrek)

Oorspronklik eintlik gesê van 'n fyn stukkie materiaal wat deur 'n ring sou kon gaan, en toe oorgedra op mense wat daar baie netjies uitsien.

Rondte: Die rondte van vader Cloete doen (by almal aangaan en nie een oorslaan nie)

Dit kom waarskynlik van die rondgaande hof se sittings wat in 1812 in Graaff-Reinet, Uitenhage en George gehou is en wat as die Swarte Ommegang bekend was. Pieter Laurens Cloete was een van die regters.

en wat hulle almal beteken

Monitor – Wanneer jy 'n ogie oor die braaivleisvuur hou.
Aflaai – Wat jy met die hout van die bakkie af doen.
Sleutelbord – Waar jy die bakkie se sleutels hang.
Venster –Wat jy toemaak as dit koud word.
Skerm – Wat jy in die veld opslaan teen wind.
Greep - Stoeiterm.
Kilogreep – Stoei met gewigte.
Megagreep – Waarmee 'n moerse groot ou bladskud.
Skyf – Sigaret.
Hardeskyf – Ou zol wat droog geword het.
Mikroskyf – Daai laaste enetjie onder in die leë tjips pakkie.
Dot Matriks - Oom Jan Matriks se vrou.
Sagteware – Komberse, kussings en lakens.
Hardeware – Pype, krane, verf, hamers en spykers.
Muis – Daai diertjie waarvoor meeste meisies so bang is.
Hoofraam – Jou beste bril.
Web – Vlies wat paddas tussen hul tone het.
Webwerf – Jaart met baie spinnekoppe.
Soekenjin – Wat jy moet doen as jy die bakkie buite vergeet het.
Yahoo – Wat jy skree as jy die enjin kry.
Bediener – Ou wat die drankies aandra.
Gebruiker – Die buurman wat gereeld iets kom leen.

Verloor gewig op die poskantoor-manier

Daar kom tye in hierdie land van ons wat jy nie weet of jy moet lag of huil nie. Gister moes ek twee groot dose van die Brooklyn-poskantoor Kaapstad toe stuur.
Ek het my beurt in die tou geduldig afgewag, maar toe dit my beurt is, het die vrou agter die toonbank gesê die bokse is te groot, ek sal hulle na die depot in die stad moet neem.
Toe ek haar vertel dat ek al groter bokse met die pos versend het, het sy gesê ek moet hulle na die toonbank se agterkant bring sodat sy my kan wys wat die probleem is.
Teen hierdie tyd het almal in die tou van die beroering kennis geneem. Ek het een van die bokse op die skaal gepak.
"Sien," sê die vrou, "daar steek 'n groot stuk van die boks oor die skaal en hy kan nie daardie deel weeg nie. Jy moet dit na die hoofposkantoor neem, waar hulle 'n groot skaal het."
Ek was uit die veld geslaan. Die skaal het die gewig as 12,48 kg aangegee. Ek het die boks toe op sy sy gedraai sodat net 'n klein deeltjie oorhang en vir haar gewys dit weeg steeds 12,48 kg. Dit het haar nog nie oortuig nie. Die skaal meet nie die gewig wat oorhang nie en sy kan dit nie aanvaar nie.
My afskeidswoorde aan haar was:
"As jy gewig wil verloor en jouself soggens weeg, moet jy net jou arms weerskante van jou lyf uitstrek. Jy sal dadelik 5 kg ligter wees. As jy nóg meer gewig wil verloor, strek sommer jou een been ook uit."

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

HULLE HET ALLES

Die onderwyser sê:
"Klas, ek wil hê julle moet my vertel wat julle by die huis nodig het."

Sannie: "Ons het 'n nuwe rekenaar nodig."

Marie: "Ons het 'n nuwe kar nodig."

Jannie: "Ons het niks nodig nie, Juffrou. Ons het alles."

Onnie: "Ag, nee, Jannie. Ons het seker álmal iéts nodig?"

Jannie: "Nee, Juffrou. My suster het met haar nuwe Pakistanse kêreld by die huis opgedaag. Toe sê my pa dis nou die laaste ding wat ons nodig het."

MOLPLAAG

Die blondine gaan koöperasie toe om raad te vra oor 'n molplaag in haar tuin.

Die verkoopsman gee vir haar gif en sê:
"Druk dit in die mol se gat en jou probleem sal opgelos wees."

Die blondine dink so 'n rukkie na en vra dan:
"Dink jy die mol sal stilsit?"

KYK HOE KROEK HY!

Ná die uitvoering van die simfonie-orkes stap die seuntjie ewe dapper tot by die dirigent en fluister in sy oor:
"Oom, ek wil nou nie stories aandra nie, maar daardie ou in die agterste ry met die trompet, speel net wanneer jy vir hom kyk!"

TOEGEEFLIKE VADER

Ek lees nou die aand 'n storie in 'n tydskrif en toe onthou ek weer die keer toe ek my dogter uitgeneem het vir haar eerste bier.

Ons gaan toe na ons plaaslike kroeg wat net twee blokke van die huis af is.

Ek kry vir haar 'n Fosters. Sy het nie daarvan gehou nie... toe drink ek dit maar.

Toe kry ek vir haar 'n Carling Black Label, sy het ook nie daarvan gehou nie... toe drink ek dit ook maar.

Dit was dieselfde met die 1664-Lager en Premium Dry Cider.

Teen die tyd wat ons die Scotch probeer het, was ek so gekoring dat ek beswaarlik die stootwaentjie terug huis toe kon stoot.

BC deur Johnny Hart

Uit die Wakis

Stories vir die vaak



Die dominee, die ouderling en die ryloper

In die dae toe daar nog huisbesoek gedoen is met 'n perdekar, ry 'n dominee en 'n ouderling op 'n eensame plaaspad toe hulle op 'n man afkom wat in die pad stap.

"Sal ons hom oplaai, Dominee?" vra die ouderling. "Ja, Broer, dalk is dit een van onse kerk se mense."

Hulle hou stil. "Saamry, Neef?"

"Asseblief, my Vrinne," en hy klim flink op. Na 'n rukkie: "Baie dankie vir die wonderlike geleentheid, Vrinne."

So plus minus 400 meter verder vra die saamryer: "Vrinne, sal julle asseblief stilhou, ek moet nou pie."

Die storie hou toe aan, elke nou en dan. Tot hulle oplaas by 'n plaashek kom, toe sê die saamryer:

"Baie dankie vir die saamry, Vrinne...dit is my plaashek. Ek sal hier afklim.

'n Entjie verder sê die Dominee aan die ouderling: "Lyk my nie hy is van onse kerk se mense nie, Broer."

"Nee, Dominee," antwoord die ouderling. "Vir my lyk dit alte veel of hy van die Pisbiteri-aanse kerk is."

Gatiep staan buite voor 'n kafee en sien in die venster hoedat die hoenders binne lekker bruin gebraai word.

Hy is baie honger en toe die eienaar sy rug vir 'n oomblik draai, steel hy 'n hoender.

Voordat hy die kafee kan verlaat haal die eienaar hom in.

Hy besef hy kan nie hierdie hoender meer verkoop nie, maar wil nogtans Gatiep 'n les leer sodat hy nooit weer sal waag om in sy kafee te steel nie.

Hy sê vir die Gatiep: "Alles wat jy met die hoender gaan aan-vang, gaan ek aan jou doen. Breek jy 'n vlerkie af, dan breek ek jou arm, en as jy 'n boudjie afbreek, dan breek ek jou been!"

Gatiep staan so vir 'n oomblik die eienaar en aanstaar. Hy vat toe sy wysvinger en druk dit in die hoender se agterent op, trek dit uit en lek dit af.

Die eienaar skree toe: "Vat daai bleddie hoender en maak dat jy uit my winkel geepad!"

Polisie arresteer skelm bok

Polisie in Nigerië het 'n bok in hegtenis geneem omdat hulle vermoed dat hy probeer het om 'n gewapende rooftog uit te voer.

Vigilantes het die swart-en-wit bok gegryp en gesê hy is 'n gewapende rower wat toorkuns gebruik om hom in 'n dier te verander nadat hy 'n motor gesteel het.

'n Segsman van die polisie in die staat Kwara het gesê die bok is onder die beskerming van die polisie.

"Vigilantes het twee skarminkels gesien wat probeer het om 'n kar te beroof. Die een het gevlug en die ander een het in 'n bok verander."

TE VINNIG!

Vier skilpaaie beroof 'n slak. "Kan jy die diewe identifiseer?" vra die polisie. "Nie rêrig nie," sê die slak, "alles het te vinnig gebeur."

Duskantlander in Anderkantland

Afrikaners is uit 'n ander vel gesny

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

Verlede week ruk ek myself op toe iemand sê my oopbek skaterlag is deel van my 'kultuur'. Ek wou haar 'n deeglike snotklap gee, maar dit kon soveel erger wees! Dink jou in as onse mense bekend was vir kerm en kla?! Ná effe nabetragting voel ek heel anders oor my kultuur.

Onse mense is nou maar eens uit 'n ander stuk vel gesny as annerste vaal mense. Ons werk hard en kuier harder, tusendeur maak ons 'n plan en maak iets ligs van ons omstandighede – dís ons kultuur.

Beledig 'n Suid-Afrikaner, sy land, sy manier van doen, kuier, kosmaak en sport, dan leer jy als van sy kultuur. Takties gesproke is uitvra die veiligste as jy nie 'n oorveeg of skoor soek nie. Sommige van ons groot beer-manne kom aggresief voor, maar ek reken hulle is net gatvol om rondgestoot te word. Almal weet in Brakpan nooi jy mense vir 'n bekgeveg en dan breek daar 'n braai uit.

Blykbaar kan jy onse mense op 'n afstand uitken. Aanglip tossel-mokkasins of bergklimstewels met groot kuitsokkies en kakie kortbroeke, Gudron rugbybroeke en polo T-hemde, 'n donkerbril, dik beursie in die gatksak, sakdoek in 'n broeksak. Werksdae loop hulle prakties met 'n swart rugsakkie (eerder dood as wat hulle met 'n *man-bag* gevang word). Kuieraande herken jy hulle K-way baadjies en reflektiewe streeptekkies. Die tannies is prakties in katoen met 'n windpomp patroondruk in haar rok se lap. Hulle haartjies is effe ge-*tease* met kleurstrepies in en hulle dra helder lipstiek en kleurvolle aanglipsandale.

Die Franse buurman wat so lekker ruik reken as jy 'n boer wil opwarm, dan skimp jy net dat die Franse beter kan rugby peel en wyn maak. Gou leer hy van 'n jammerlappie en eet hannevol biltong. Hyself hang nuuskierig rond by die braaivleisvuur en oeh! en aah! vir boerewors, pap, stokbrood en pofadders. Og, die man wil net heeltyd tafel dek, maar ons kuier dik buite op die stoep en eet met die hand van die braai af.

Hy luister soos 'n ongelowige Jonas na jagstories totdat die foto's van trofeekoppe gewys word. Met 'n lammigheid in die knieë sit hy en stem saam: klippies-en-Coke moet wêreldwyd bemark word. Siestog, ná die Fransman se fondue, gansvet- en parraboutjie-geregte is daar nie veel meer van sy eetkultuur wat hy kon deel nie. Laataand is ons manne vurig oor visbraai op die strand, osstertpotjies, roereiers op 'n skottelbraai, biltong maak en kreef duik.

Die Aussie in ons binnekring reken ons kulturele humorsin is *twisted*. Binne 'n dag of wat ná 'n tragedie soos die Helderberg-vliegongeluk, Tiger Woods se eskapades en arme Oscar word grappies om 'n braaivleis geruil. Hoe nou anders? Boeremanne huil mos nie, ons trap 'n tjank af en maak eerder 'n grappie. Die Aussie bring Heinekens, maar ons katazza hom oor hulle doeane wat jou wil toesluit oor biltong in jou handbagasie, vellies en droeë vrugte.

> "Dis eenvoudig 'n feit: Een van ons werk so hard soos drie van 'n ander nasionaliteit.

Onse manne is breëbors pappas. Hulle dra taai kindertjies rond op hulle skouers, stoei lekker rof met die seuntjies en gooi meisiekindertjies in sirkustuimels in swembaddens se diep kant rond.

Maar as jy by die braaivleis inmeng, sy potjie omroer of aan 'n boer se vrou karring, dan is jy op dun ys.

Dis algemeen bekend: ons het onse eie werkskultuur. Die Ghana-myne verkies onse SA manne. Dis eenvoudig 'n feit: Een van ons werk so hard soos drie van 'n ander nasionaliteit.

Onthou daai ding van 'n Boer maak 'n plan? Met 'n knipmes en 'n Phillips-skroewedraaier, 'n *jack* en 'n Gunston tussen die lippe kan hy enige iets regmaak.

Die vroumense kan naaldwerk doen, briekolie ingooi, bok afslag, worsmaak, *jumper*kabels opkoppel en muurproppe vervang.

Ons kultuur is om te waag: ons ken van kamp, waterski, valskermspring, kaskar ry, *wheelie* op 'n BMX, Drakensberg uitklim, diepseeduik en swem met die haaie. Die vaal Fransman het self nog nie één van daardie goeters beleef nie!

Stamboom

Help ons familiesoekers

BARNARD louwtjiebarnard@yahoo.com
Soek meer inligting oor die Barnards van Suidwes-Afrika, Namibië. My Oupa was Hendrik Louwrens Johannes Barnard, Gebore 18 September 1904. Hy is getroud met Stiena van Niekerk en het een seun, Jan Petrus Barnard gebore 1 Mei 1953 gehad.

BLACK evelynviviers@gmail.com
Soek na my pa se familie. Hy was William Ferdinant Black.

CREAK danchrisvisser@gmail.com
Ernest William Creak * c 1887 x Margaretha Johanna Coetzee, Sy pa was James Boyce Creak * 5.09.1849 oorspronklik van Engeland. Hulle was woonagtig te Adelaide.Enige info sal waardeer word. Danie

FOURIE melindagrobbelaar1963@gmail.com
Melinda Rhoda gebore Fourie nou Grobbelaar 1963/07/08. PA Louis Richard Fourie 1934/03/09. Ma Sussanna Gertruida Maria Elizabeth, gebore Scheepers 1934/08/23 oorlede 14/02/1975. Oupa Gerhardus Fourie 1904. Op soek na kinders uit my Pa Louis Richard Fourie geb 1934 se huwelik met Mara. Dit was 2 seuns en een dogter. Jeanette, Louis en die derde naam nie bekend. Hulle het in JHB omgewing gebly. Ons oupa was Gerhardus Fourie geb 1904. Ons is 5 dogters en 2 seuns uit sy huwelik met Susan Fourie. My pa het altyd gepraat van Nettie so ek neem aan dit is 'n troetelnaam.

FOURIE melindagrobbelaar1963@gmail.com
Ek is op soek na my pa Louis Richard Fourie geb. 1934/03/09. Het hom 30 jaar laas gesien, ons is 7 kinders (Erika, Melinda.Louis, Susanna, Maryka, Talita en Hein) Hy het ook 3 kinders uit 'n vorige huwelik met Mara - hulle is Jeanette, Louis en Gert. Hulle drie het in Johannesburg omgewing groot geword. Ons oupa se name is Gert Jacobus Fourie en het in Krugersdorp gewoon. Hy is gebore in 1904 en is in die die jare 70 oorlede. Nettie waar is julle? Kontak ons asb as ons pappie by julle is, wil ons hom en julle graag sien. Ons moeder se name was Susanna Gertruida Maria Elizabeth en sy was 'n nooi Scheepers.

GELDENHUYS danchrisvisser@gmail.com
Daniël Christiaan Geldenhuys
Daniel Christiaan Geldenhuys het gedurende die vroeë 1800 in Sutherland geboer en sy pa Gideon Theodorus Geldenhuys was van Fraserburg. As enige nasate van die familie met my kan skakel, sal ek dit waardeer. Danie Visser

GOUWS heleen.bekker@gmail.com
My oupa grootjie aan moederskant was Adolf Johannes Gouws, getroud met Louisa Francina.

HORN
Epos: heleen.bekker@gmail.com
My oupa grootjie was 'n ene Jan Christoffel Horn getroud met Anna Sophia (mag wees Sofia)

LOMBARD
Epos: anita@saftronics.co.za
Johannesburg

PRINSLOO ecfprinsloo@gmail.commy
My naam is Eduard Charles Frederick Prinsloo gebore te Warmbad Transvaal op 31 Augustus 1961.My noem naam is Eddie. My oorlede pa was Ebenhaezer en was getroud met Elsie Johanna "Swanepoel" Sy noem naam was Eben.
Ons was 3 kinders gewees, myself en twee susters, naamlik Elene Jennefer en Evelyn Lorain. My oupa was Izak Frederick Prinsloo getroud met Maria Magdelena "Ferreira". Hy was 'n krygsgevange te St Helena eiland. Ek sal graag meer inligting wil bekom oor oupa Izak.
Ek het nie vir oupa Izak geken nie maar volgens oorlewing is vertel dat oupa, ouma en van sy ouer seuns was deel van die diamant stormloop en delwery op Kimberley en daarna die Vaalharts waterskema waterkanaal grou projek. In die laat 1960's was ek as kind met my twee susters, moeder en ouma Maria in 'n motor ongeluk oppad na oom Hannes en tannie Ester. In die ongeluk het ouma Maria en suster Evelyn gesterf.
Ek sal bly wees as daar nog van die oorlewende nasate is wat kan help met inligting en inligting byvoeg. Ek is tans woonagtig in die Delmas distrik

AGTEROS

Net voor uitspantyd

> In koue weer sou 'n boer sy jas uittrek en dit om sy bibberende perd hang.

Deur JOHAN VAN WYK

Oor perdry het Winston Churchill, die beroemde Britse eerste minister van weleer, gesê: "No hour in the saddle is lost." Naas skilder, whisky en sigare was perdry sy groot liefde.

Ook PW Botha was 'n behendige ruiter wat op sy dag baie ure in die saal by Wildernis deurgebring het.

Die genot en romantiek van perdry is inderdaad oor geslagte heen diep gesetel in die psige van Afrikaners.

Maar perdry is nie sonder gevare nie. Wanneer 'n vurige perd sy kenketting breek, die stang vasbyt en op hol gaan, is die dood aan jou sy as jy afval en jou voet in 'n stiebeuel haak. Jy kan saamgesleep en verbrysel word.

Dit is wat 'n eeu gelede tydens die Rebellie van 1914 met genl. Christiaan Beyers gebeur het. As rebel het hy, op vlug vir die Uniemagte, in die Vaalrivier verdrink toe sy perd onder hom doodgeskiet is en sy voet in 'n stiebeuel gehaak het.

Dit neem egter niks weg nie van die liefde, deernis, sorg en hartseer wat veral in die Anglo-Boereoorlog (ABO) rondom perde afgespeel het. In dié oorlog het 326 000 perde aan Britse en aan Boerekant omgekom.

Boerekrygers het hul perde met die grootste toewyding versorg. In koue weer sou 'n boer sy jas uittrek en dit om sy bibberende perd hang.

Toe die Uniemagte ná genl. Louis Botha se suksesvolle veldtog in Duits-Suidwes-Afrika in 1915 op die Monarch van Walvisbaai af na Kaapstad verskeep moes word en 400 vasgemaakte perde in 'n woeste storm op die staalplate in die ruim begin gly en val het, is steenkool-as met emmers uit die vuurkaste van die skip se stoomketel aangedra en vir vastrapplek onder hul pote uitgestrooi.

Genl. Botha, 'n groot, swaar man, was so gesteld daarop dat 'n perd rus moet kry dat hy drie om die beurt gery het.

Sy gunsteling was Charlie, 'n reuseskimmel wat 12 km per uur kon trippel en Botha, wat saam met sy saal en toerusting 140 kg geweeg het, gemaklik deur die Namib gedra het.

KAMMANUUS verskyn weer op 20 OKTOBER

Perde se asemhaling- en spysverteringstelsels loop ineen, wat dit vir hulle onmoontlik maak om te braak.

Slegte spysvertering was dus lewensgevaarlik. Perde is ook stoïsyns: Hul oorlewingsinstink veroorsaak dat hulle pyn en ongemak verdoesel om te keer dat hulle na die swak dier in die trop sal lyk wat roofdiere se aandag sal trek.

Onder die perde van die Britse magte kon die vreet van ongewone voer, te veel waterinname ná harde werk, blootstelling aan uiterste temperature en vreemde plante dus alles tot vrekte lei.

In die ABO was daar 'n vrektesyfer van 25% per maand. Elke perd moes elke vier maande vervang word.